

28 April

Skrifgedeelte: Romeine 14:13-23 (OAV)
Fokusgedeelte: Romeine 14:17

Die Koninkryk is 'n saak van gehoorsaamheid aan God

Martin Luther het gesê: 'n Christenman is die mees vrye heer van almal, onderworpe aan niemand. Maar hy gaan ook voort deur te sê: 'n Christenman is die mees dienswillige slaaf van almal, dienswillig aan almal. Hiermee verwoord hy die heerlike, maar ook moeilike roeping van elke gelowige.

Paulus vra ook van sy lesers om sterk in die geloof, sowel as sensitief vir ander se behoeftes te wees. Dit kan hulle doen, omdat hulle die Here Jesus ken; omdat hulle burgers is van sy Koninkryk; omdat hulle alles doen om hulle Koning te gehoorsaam.

Dan is die onderlinge verhoudinge tussen lidmate nie meer 'n individuele, eersoekende saak nie, maar 'n saamvra na wat God wil hê dat ons in gehoorsaamheid moet doen. So is ons sout en lig wat die guns van God en agting van die mense geniet. Dit kos harde werk en daarom moet ons ons beywer ... want die koninkryk is nie saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid om elke dag meer en meer te word wat God my gemaak het.

Ek is vry om alles te doen, maar omdat ek onverdiend 'n burger van Jesus Christus se koninkryk geword het, gebruik ek my vryheid om diensbaar te wees aan God en my naaste. Dan twyfel ek nie meer nie, maar doen met geloofsoortuiging wat die Koning van die koninkryk van my vra.

Hierdie "doen" van die Koning se wil begin dus nie iewers ver op die sendingveld nie, maar juis by hulle wat God rondom my geroep het. Sodoende kan ek ook deel in die vrede en vreugde wat die Heilige Gees aan ons gee.

Sing: Psalm 98:3 (1936)

Ds. S Hibbert (Koster)